

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die ware kerk van Jesus Christus en die valse kerk van die duiwel. Jesus Christus is die ware Messias, die ware Christus, wie self God is en mens geword het om sondaar vir sondaars te wees. Daarom veroordeel Jesus nie sondaars wat in Hom glo nie, en gee Hy hulle nie aan die doodstraf oor nie, maar gee vir hulle die ewige lewe. Geestelikes soos die Fariseërs en skrifgeleerdes, is die duiwel se kinders omdat hulle die leuen glo van 'n valse Christus wat sondaars volgens die wet van God veroordeel en aan die dood uitlewer, soos hulle met die owerspelige vrou wou demonstreer. Satanisme, soos gepreek deur die Moderne Christelikheid vandag, is 'n selfskepping van geestelikes waaragter hulle hul ware mag om die valse kerk van die duiwel te wees, deur die veroordeling en doodstraf van die wet van God oor mense uit te oefen, verberg. Satanisme in die frontorganisasie van die valse kerk om die valse kerk van die duiwel se Messias soos die ware kerk van God te laat lyk.

Skriflesing Johannes 8: 3 – 19; 41 – 58.

Teks Joh. 8: 11 Jesus sê toe: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet nie meer sondig nie.

Tema Jesus Christus maak ons kinders van God die Vader

1. Satan se kerk is 'n valse Christelike kerk wat 'n valse Christus aanbid.

Dit is wat Jesus Christus in hierdie insident met die owerspelige vrou, en in die debat na die tyd met die Jode openbaar in Joh. 8: 44: wie nie in Hom as Christus glo nie, maar in 'n ander Christus glo, is kinders van die duiwel en wil die begeertes van die duiwel as hul vader uitvoer.

Ons is al so afgestomp met die opvatting dat alles en elkeen maar op sy eie manier reg is, maak nie saak hoe teenstrydig hulle is nie, dat ons nie regtig hoor wat die Here Jesus hier in sy eie woorde openbaar as die waarheid nie. Ons hoor hierdie woorde van die Here maar net soos ons alle verskille hoor as mense wat mekaar beledig, verkleineer, verguis, mekaar se karakter skend en sleg sê.

Jesus stel duidelik dat Hy nie met hierdie onthulling hulle veroordeel nie, maar net die waarheid van wie hulle is openbaar: hulle is regtig kinders van die duiwel en die duiwel is hulle vader, en hulle doen wat die duiwel begeer dat hulle moet doen. Joh. 8: 44.

2. Wat wil die regte duiwel, nie net 'n geestelike versinsel nie, hê dat sy regte kinders moet doen?

Die duiwel wil nie hê sy kinders moet afgodsdienste beoefen nie.

Dit doen mense uit hul eie sonder die duiwel. Die goddelose mens se hart, sonder die duiwel, is die fabriek vir die maak van afgodsdiensoos soos voorvaderverering, Boeddhisme, Hindoeïsme en Mohammedanisme. Afgodsdiensoos is die skepping van die mens se eie goddelose hart. Nêrens in die Ou Testament word afgodsdienaars uitgewys as kinders van die duiwel nie.

Die duiwel wil ook nie hê dat sy kinders Sataniste, in die moderne geestelike opvatting daarvan, moet wees nie.

Hy begeer dat sy kinders 'n valse Christelike kerk moet wees en met hulle aanbidding van die lyding en opstanding van Jesus Christus 'n leuen moet maak.

3. Daarom noem Christus hom die vader van die leuen – bedoelende die vader van die leuen oor 'n valse Christus en valse verlossing. Joh. 8: 44, terwyl Jesus Christus die waarheid is: die ware Christus wat ware verlossing bring.

Dit is presies wat die duiwel, en die skrifgeleerdes en Fariseërs as sy kinders, by die tempel met die owerspelige vrou wou maak. Hulle wil teenoor Jesus wys hoe hulle glo die regte Messias moet wees en Jesus as 'n valse Messias ontbloot. Die duiwel se kinders glo in 'n Christus wat hulle as God se ware bekeerdes en vromes volgens sy wet, deur die wet van God bemagtig, om mense wat God se wet oortree, met geweld te onderwerp en te vernietig – met klippe dood te gooi.

Die duiwel se kinders is geestelikes wat glo dat hulle deur die Messias, God se haat en geweld teen sondaars uitvoer.

4. Johannes 8 is 'n voorspel van alles wat met Jesus in Johannes hoofstuk 18: 28 tot 19: 30 gebeur, net soos in die versoeking van Jesus deur die duiwel in die woestyn alles gebeur wat weer by die kruisiging van Christus gebeur in die evangelies Matteus, Markus en Lukas. In wat Jesus met die owerspelige vrou doen, is Hy reeds die ware Christus van die ware kerk van die Here, teenoor die valse Christus, die antichris van die duiwel. (1 Joh. 2:22)

In sy veroordeling onder Pontius Pilatus en kruisiging staan niemand sonder sonde voor God die Vader nie. In Christus se gawe van die Gees staan alle mense, ook die skrifgeleerdes en Fariseërs, nie net 'n vrou wat op heterdaad in owerspel betrap is nie, skuldig aan sonde. Joh. 16:8. Daarom verval die onderskeid tussen skuldiges en onskuldiges, vromes en ligsinniges, bekeerdes en bekeerdes volgens die wet van God wanneer Jesus Christus beide die Fariseërs en die owerspelige vrou aanspreek.

Deur sy lyding onder Pontius Pilatus en sy kruisiging is daar geen veroordeling vir elke sondaar wat in Hom glo nie, nie vir skrifgeleerdes, Fariseërs of 'n owerspelige vrou nie, want in sy veroordeling onder Pontius Pilatus neem die Here alle oordeel

van God oor elke sonde weg; is daar geen wetlike en gemeenregtelike straf meer van God oor sonde nie en in sy sterwe is daar ook geen doodsvonnis as gemeenregtelike straf meer oor sonde nie.

Christus is self God, wat die veroordeelde mens word om as God nie sy kinders te veroordeel nie. Daarom stel Hy duidelik en onomwonde dat "Hy is" Joh. 8: 24 en dat voor Abraham was, was Hy al wat Hy is. Joh. 8: 58 Daarmee stel Jesus Christus dat Hy is self God soos God Hom in Exodus 3: 14.

Dit wys duidelik in die kontras in hoofstuk 8 dat Hy die Een word wat in die plek van die owerspelige vrou wat Hy vry laat gaan met klippe dood gegooi gaan word as veroordeelde sondear volgens die wet van God. (Joh. 1:17, 8: 4, 59)

5. Jesus het 'n demoon in Hom!

Dit is die veroordeling van die skrifgeleerdes en Fariseërs oor Jesus. Die 1983 vertaling wat sê dat hulle sê hy is van die duiwel besete, klink soos ons wat hierdie uitdrukking vandag gebruik om te sê mense is waansinnig of leef met waanbeelde. Dit is nie wat hulle doen nie. Hulle sê nie Jesus is 'n versteurde mens nie. Hulle sê soos die Direkte Afrikaanse vertaling dit goed vertaal – Jesus het 'n demoon!

Dit is die leuen wat die duiwel hier self nou oor Jesus Christus skep. Jesus het 'n demoon beteken in vandag se geestelikes se taal dat Jesus 'n binding van die Satan het, in die mag van 'n bose gees is en op hierdie wyse duiwels is in die letterlike betekenis daarvan.

Die Satan skep die leuen dat Jesus Christus, God die Seun van God die Vader, het 'n demoon en dat Jesus daarom duiwelsbesete is in die letterlike sin daarvan is.

Dit is in vandag se taal presies wat die oordeel van die valse kerk van Satan oor gelowiges as kinders van die Here: gelowiges het deur een of ander spesiale sonde wat hulle gedoen het 'n demoon in hulle! Hulle het 'n binding van die Satan!

Dit is hoe hulle Jesus ook veroordeel het: "Hy het 'n demoon in Hom!", en nog steeds kinders van God wie in Jesus Christus glo, veroordeel.

6. Hoekom oordeel hulle dat Jesus 'n demoon in Hom het?

Dit is oor dat Hy nie die owerspelige vrou veroordeel het nie! Dit het vir hulle die bewys gelewer dat Hy 'n valse Messias is wat 'n demoon het.

- Omdat Hy hulle in hulle gemoed laat besef het hulle is net so sondig soos die owerspelige vrou wat hulle veroordeel het, en Hy hulle drif om haar met klippe dood te gooi, in hulle geblus het.

- Omdat Hy haar nie veroordeel het nie, sodat hulle haar in die Naam van God kon doodmaak met die regverdiging dat hulle God se wet uitvoer.
- Omdat Hy gesê het “Hy is” en “Hy is wat Hy is” en só geopenbaar het dat Hy nie een van Abraham se kinders is nie, maar die God van Abraham, Isak en Jakob is; dat Hy nie die wet van Moses gehoorsaam nie, maar die God is wat aan Moses die wet gegee het.

Omdat Jesus op hierdie wyse die Messias, die Christus is, God wat onder ons kom woon het, (Joh. 1: 14) self die veroordeelde geword het onder Pontius Pilatus om ons nie te veroordeel en dood te maak nie, (Joh. 18:31,32) maar om vir ons die ewige lewe in God se liefde te gee, (Joh. 3: 16) daarom het Jesus volgens hulle 'n demoon!

Met hierdie oordeel verklaar hulle Jesus is die duiwel se Messias, die duiwel se Christus!

7. So? Watter Messias is die duiwel se valse Christus en watter Messias is die ware Christus van God?

- Die een wat met God se wet sondaars veroordeel sodat die geestelikes en bekeerdes hulle met geweld kan onderwerp en doodmaak, of
- Die Een wat self God is en die sondige mens onder ons geword het (Joh. 1: 14) sodat God die Vader ons nooit vir enige sonde veroordeel nie maar vir ewig in sy liefde laat leef?

Dit is regtig baie maklik om te weet wie is 'n valse Christus en wie is die ware Christus! Die Here wys dat die duiwel se Messias en sy kinders is net soos die duiwel self – 'n mensemoordenaar!

Want dit is maar al wie die skrifgeleerdes en Fariseërs is teenoor die owerspelige vrou: moordenaars vir hulle God in die Naam van die Christus! Daarom stel die Here dat hulle kinders van die duiwel is. Wanneer die Here dit stel is Hy nie besig om deel van hulle veroordelings te word en hulle maar net terug te veroordeel nie. Teenoor hulle veroordeling stel die Here dat hulle wat mense vir God in die Naam van die Christus doodmaak, is moordenaars, nie God se kinders in die Naam van die Christus nie. En dit is net die waarheid! Dit is geen veroordeling nie.

Die duiwel se Christus maak mense dood vir God! Die duiwel se Christus vermink en verniel mense vir God! Wie in hierdie valse Christus glo kan nie God se kinders wees nie. Hulle is werklik kinders van hul vader die duiwel!

8. Ons moet vandag die kinders van God die Vader en die kinders van die duiwel ook kan herken en van mekaar onderskei, soos die Here die kinders van die duiwel en die kinders van God van mekaar onderskei.

Wie glo dat Jesus die Christus is, gee God die Vader die reg om sy kinders te wees. (Joh.1: 12) Volgens Johannes 3 is hierdie geloof in die veroordeling, kruisiging, sterwe en opstanding van Jesus om só as die Christus deur die Vader verhoog te word. Wie in Jesus Christus glo, is uit God gebore as sy kinders, hulle is weer gebore om God se kinders te wees.

Jesus Christus moor, vermink en verniel nie mense nie. Hy gee vir hulle die ewige lewe om ewig in God se liefde te leef. (Joh. 3: 16) Hy veroordeel nie sondaar nie, maar verlos sondaars van God die Vader se oordeel. (Joh.3: 17,18)

Wie is die volgende mense wat die volgende van mense eis?

- Jy moet weet dat God jou aankla en dat jy eendag voor God moet verskyn sodat God jou kan vra hoekom jy in sy hemel mag ingaan. Jy moet só jouself in God se oordeel verantwoord!
- Jy moet wie jy as mens en as persoon is, kruisig en opgee!
- Jy moet jou eie-ek in jouself doodmaak deur jouself as dood te reken!
- Jy moet in jou menswees niks nie en leeg word sodat God jou met sy goddelikheid kan volmaak, vervul!

Dit is die kinders van die duiwel wat hierdie eise aan mense stel! Hoe kan ons dit sê sonder dat ons ook net weer 'n nuwe groep mense is wat ander mense weer veroordeel? Want die duiwel is van die begin af 'n moordenaar en sy kinders is nes hy moordenaars in die Naam van die Christus vir God!

Wat beteken al hierdie eise anders as dat jy jouself met klippe moet laat doodgooi by God se tempel? Om aan die eise te moet voldoen dat jou menswees opgeoffer moet word asof dit die Christus se kruis vir jou is, dat jy jou menslike wese om 'n eie-ek te hê en jouself as mens te mag wees, as dood te reken vir God en jouself in jou menswees niks te maak nie, tot niet te maak vir God? Dit is mos niks anders as om jouself met klippe dood te laat gooi omdat jy voor God 'n veroordeelde is nie!

9. Hierdie geestelike mensemoord eindig nie net by die skending, vernieling en verminking van mense se innerlike nie!

Dit sien ons in hoe hierdie geestelike mensemoord vandag aan die Afrikaanse gemeenskap as 'n werklike doding, nie net innerlik nie, van die Afrikaanse gemeenskap voorgehou word in die Naam van Christus vir God!

- Die Afrikaanse gemeenskap is en sal vir geslagte nog voor God vir die sonde waarop hy op heterdaad betrap is, apartheid, voor God deur God se wet veroordeel staan, solank as wat hulle Afrikaans in Afrika is. As hulle buite Afrika Afrikaners is, staan hulle nie meer veroordeel nie, maar word hulle geag vir hul werksywer en geloof.
- Hiervoor moet hulle nie net hul self in Afrika kruisig, hul eie-ek doodmaak en vir God niks word om met God versoen te word nie, hulle moet hul taal in Universiteit, skole en die openbare lewe laat doodmaak, hul as Afrikaanses uit die openbare lewe laat verdring en hul reg op geleenthede om te werk en hul self uit te leef, kruisig en doodmaak.
- Hulle moet hul moord as hul verdiende straf van God aanvaar en hul eiendom opgee as straf van God in die Naam van die Christus, sonder vergoeding, om versoening van God te ontvang.

Alle geestelikes wat só glo, is kinders van die duiwel, want hulle vader is niks anders as 'n moordenaar nie. Hy moor mense in die Naam van die Christus vir God!

10. Watter kerk sal u kies om aan te behoort as u weet dit is die enige twee soorte kerke wat daar is, maak nie saak in hoeveel name hulle georganiseer en gekonstitueer is nie,

- die ware kerk van Jesus Christus wat self die veroordeelde word wat doodgemaak word, met die klippe gegooi word wat vir 'n owerspelige vrou bedoel was, sodat sondaars nie vir hul sonde veroordeel en doodgemaak word nie, self God wat ons vir ewig in sy liefde laat leef, of
- die valse kerk van die duiwelse Christus wat sondaars veroordeel sodat hul moet aanvaar dat hul innerlik gekruisig en gedood moet word om niks te wees vir God nie. Verniel, geskend en vermink vir God in die Naam van Christus!

U sal mos in Jesus Christus glo wat u van hierdie selfverminking en selfvernieling verlos!

Weet die duiwel dit? Dat as dit is hoe hy en sy kinders geken word teenoor Christus en die wie Hy die reg gee om kinders van God die Vader in sy liefde te wees, niemand in sy Christus sal glo en sy kinders sal wil wees nie?

Hy weet dit! Die geestelikes in hierdie wêreld wat sy kinders is weet dit ook!

Daarom skep hulle deur 'n slenter 'n frontorganisasie om mense van die geloofwaardigheid van die duiwel se Christus en sy valse kerk te oortuig! Hierdie

slenter is dit wat ons vandag voorgehou word deur predikante, priesters en pastore as die sogenaamde Satanisme! Hulle wil voorgee dat Satan se kerk is Satanisme, soos geestelikes Satanisme verbeel en voorhou.

Dit is niks anders as 'n slenter nie. Satanisme is niks anders as die skepping van die duiwel as 'n frontorganisasie wat die valse Christus en valse kerk van die duiwel geloofwaardig maak nie. Satanisme is die frontorganisasie waarmee die duiwel vandag uitwys dat Jesus Christus en God se kinders demone het en die duiwel se kinders, God se ware kinders is!

11. Dit werk soos met die koekievoorbeeld uit ons vorige preek! Satanisme is die skepping van predikante, priesters en pastore deur die krag van die duiwel, die wet van God! Wat ek nou vir u gaan voorhou het regtig in Louis Trichardt gebeur in die eerste jare in die middel tagtigs toe ek hier as u leraar begin het.

Die pastoor klim in Louis Trichard op die kansel en hy preek soos volg: “Julle dink mos die duiwel is net 'n storie, maar ek sê vir julle vandag dat die duiwel 'n werklikheid is en dat hy bese magte en kragte het waarmee hy mense vervul. Julle tieners daar agter! Ek waarsku julle dat julle nie die teken van die duiwel, 666 moet dra nie. Want met hierdie teken sal julle die krag en mag van die duiwel in die dorp loslaat!”

Jannie en sy tienermaats sit met hulle rebelsheid as tieners agter in die kerk en wat hoor hulle by die pastoor, nie by die Satanspriester in een of ander stad in Amerika nie? Hulle hoor net een ding, net soos met die koekievoorbeeld waar ouboet vir klein boet beveel om nie sy koekies te vat in die vorige preek nie, met die teken 666 op hulle tasse gaan hulle nie meer die vaal seuns van die skool wees nie, hulle gaan die magtige seuns wees wat bese magte en kragte op die skool wat hulle haat kan loslaat.

Wat doen hulle in die volgende week?

Hulle skryf almal die teken 666 op hulle tasse, loop verby die meisies en flits die Satansteken vir elkeen wat hulle wil bangmaak. Die meisies hardloop na die ouers en onderwysers toe en vertel van die seuns wat die teken van die duiwel dra en hulle gaan vertel van die boosheid wat op die skoolgrond aan die gang is.

Die pastoor klim die volgende Sondag so sterk soos 'n leeu op die kansel en preek: “Ek het julle oor die mag van die duiwel gewaarsku, maar julle dink mos dit is sommer net stories. Dit het hierdie week volgens uiters betroubare en ingeligte bronne onder my aandag gekom dat ons nou met 'n groep Sataniste in ons dorp en skool sit. Ek waarsku daardie tienerseuns daar agter weer! Julle moet nie met hierdie duiwelse dinge besig wees nie! Die volgende ding wat gaan gebeur is dat

hulle gaan katte slag as offers aan Satan en deur hierdie katoffers gaan hulle die mag van Satan is die dorp loslaat.”

Wat het met tannie Sannie se kat in daardie erediens gebeur? Terwyl die pastoor so waarsku, het tannie Sannie se kat gegroet want Jannie en sy vriende is weer ingelig oor hoe hulle groter borse magte in die dorp kan loslaat. Wanneer tannie Sannie die week op haar koplose kat afkom, is die dorp histeries!

Die onderwysers, predikante en pastore kry die kolonel van die polisie wat op die okkulte spesialiseer en hy kom hou ’n praatjie om sy boek waarin hy alles wys wat Sataniste doen, hoe hulle tekens lyk, watter musiek hulle na luister en hoe hulle kaal meisies op altare laat lê. Die kaal meisies op altare het Jannie se vriende wat nog getwyfel het, almal nou toegewyde Sataniste gemaak met al die inligting oor hoe om hulle dinge te doen. Hulle het al hul toerusting nie by die duiwel of ander Sataniste gekry nie. Hulle het dit by die predikante, pastore en die kolonel gekry!

Nou het Louis Trichardt regtig ’n Satanistiese kerk en Jannie kry tot iewers ’n bakkop wat hy nou in sy kas in die koshuis aanhou om almal die skrik op te lyf te jaag. Wie het hierdie kerk op Louis Trichardt begin? Die pastoor wat graag ’n herlewering onder die kinders wil hê en met sy prediking van die wet as die krag van sonde en die duiwel, die tieners toegerus het om Sataniste te wees!

12. Wat is die slenter?

Jannie en van sy vriende raak na ’n ruk bang vir al die Satanistiese dinge waarmee hulle besig is, begin nagmerries kry en wil hulp hê. Na watter kerk toe sal hulle nou gaan om van hierdie Satanistiese kragte en magte wat hulle glo hulle in vasgevang is, bevry te word? Sal hulle na die kerk toe gaan wat glo dat Jesus alle krag en mag van die duiwel verbreek het oor gelowiges en dat die duiwel op geen gelowige ’n binding of mag kan hê nie, of na die pastoor se kerk wat vir hulle presies kan vertel hoe hulle van die magte, kragte en bindings van die Satan verlos kan word?

Hulle sal na die pastoor of predikant toe gaan wat hulle in die Satanisme ingepreek het! En wat gaan hy vir hulle vertel, wat moet hulle doen om van hulle Satanisme bevry te word?

Hy gaan vir hulle die volgende sê: “Om van die Duiwel se mag en al die demone in jou verlos te word moet jy weet dat God jou aankla en dat jy eendag voor God moet verskyn sodat God jou kan vra hoekom jy in sy hemel mag ingaan. Jy moet só jouself in God se oordeel verantwoord! Jy moet wie jy as mens en as persoon is, kruisig en opgee! Jy moet jou eie-ek in jouself doodmaak deur jouself as dood te reken! Jy moet in jou menswees niks nie en leeg word sodat God jou met sy goddelikheid kan volmaak, vervul en wanneer jy dan Jesus in jou lewe innooi sal

God inkom en die Duiwel uit jou lewe uitgaan. Hoe voller jy van God se goddelike lewe, krag, mag en naam word, hoe minder plek is daar in jou lewe vir demone!”

Kan u die slenter raaksien?

Deur die frontorganisasie van Satanisme deur hul eie prediking te skep, verlei predikante, priesters en pastore hul in Satanisme in met die belofte van groot magte, kragte en kaal meisies op altare! Dit doen hulle om hul net daarna dan sogenaamd te bevry van duiwels en demone!

Hoe?

Deur die kinders wat hulle in Satanisme in verlei het, te veroordeel en innerlik dood te maak: voor God se troon aangekla moet hierdie kinders hul eie menswees, hul eie persoon en lewe vir God kruisig, doodmaak en verwerp! Vir die res van hul lewe gaan hulle in sogenaamde kerke sit waar hulle elke Sondag weer voor God aangekla, veroordeel, vervloek en gestraf gaan word sodat hulle hul lewe lank voor Bybels en geestelikes hulself moet vermink: hul eie-ek moet doodmaak, kruisig, niks moet word as mense in hul self nie sodat God kamstig in hul lewe moet inkom!

Watter ouer, vriend of mens sal ooit weer vir aanvaar dat hierdie valse kerk is die werklik mag van Satan, nadat hulle duiwels uit Jannie uitgedryf het en hy homself en sy eie-ek vir god doodgemaak het? Deur Satanisme maak die Duiwel sy valse kerk waar mense veroordeel word en hul self hul lewe lank moet vermink vir God, die ware kerk van sy Messias.

Deur Satanisme maak die duiwel dat mense eerder aan sy kerk behoort wat mense sogenaamd van Satanisme bevry, as die kerk waar daar geen Satanisme in bestaan of mense van bevry word nie. So maak die duiwel sy kerk in mense gemoed die ware kerk en Christus en sy kerk 'n valse Messias en kerk.

Wie sal ooit weer glo dat Jannie met sy bekering uit Satanisme hom in die kerk van die duiwel in bekeer het?

13. Ek wil vir u graag twee voorbeelde gee van hierdie valsheid van Satanisme as 'n slenter om die ware mag van die Duiwel te versluier uit ons eie gemeenskap.

In die tyd waarin die geestelikes in Louis Trichardt hul herlewing bedryf het, het hulle die kinders so beangs oor Satanisme gemaak dat hulle dit oral begin soek en raaksien het. Só het die gebeur dat die meisies in die koshuis agter gekom het dat laatnag een meisie se lig altyd aan was en hulle skaduwees in die kamer sien beweeg het. Toe het hulle haar vreemde gedrag gemerk en al hoe meer bese besig aan haar toegedig. Op die ou einde het die pastore en predikante besluit sy is die hoofheks in die dorp en uit vrees vir haar bese magte het hulle die kinders oortuig

om hul self vir God te kruisig en hul eie-ek dood te maak. Só sou hulle van die hoofheks se bose mag bewaar geword het.

Die waarheid was dat sy een van ons eie lidmate was, 'n depressielyer was wat nie kon slaap in die nagte nie, asosiaal was deur haar depressie en voor, tydens en na die herlewing nooit geweet het sy was die hoofheks van Louis Trichardt gewees nie.

Hulle het haar met klippe doodgegooi sodat kinders hulle valse Jesus kon aanneem! So is hierdie geestelikes deur hul valse Messias regtig die kerk van die duiwel in Louis Trichardt.

'n Ander voorbeeld het hier in Levubu plaasgevind. Een van die boere het my eendag gebel en gevra ek moet kom kyk na een van die leë huise op sy plaas. Daar aangekom het hy my gewys dat die huis met spuitverf met al die tekens van Satanisme gemerk is, so met die heksekruis en al op die vloer. Teen een muur is daar 'n vloek oor een van ons seuns uitgespreek gewees. Die boer was verward en het gevra wat ons moet doen. Ek het vir hom gevra om dit alles stil te hou, want ek vermoed hierdie gaan oor een seun wat kwaad is vir 'n ander seun, en op die ouderdom wat hulle is, kan dit net oor 'n meisie gaan. Ek het 'n verdagte in my gemoed gehad. So na 'n jaar het ek eendag my verdagte na 'n geleentheid vervoer saam met sy maats en toe vra ek so in die ry vir hom: "was jy baie kwaad vir daardie seun gewees?" Skaam het hy "ja" gesê. Ek vra hom toe waar het hy aan die idee gekom van al die Satanstekens en vloek wat hy oor die ander seun uitgespreek het. Hy sê toe by die pastoor wat daaroor gepreek het en gesê het hulle moet nie sulke goed doen nie! Ek het vir hom toe gevra of hy weet hy was simpel en hy het skaam "ja" gesê.

Hy is verlief-kwaad gewees en met sy spuitverf-woede moes ons as gemeente volgens die duiwel se kerke in ons land 'n aksie in Levubu begin om ons kinders van Satanisme te verdink en te veroordeel: moes ons ons eie kinders met klippe gooi! Ons het dit nie met ons kinders gedoen nie.

Jesus het 'n demoon ! Christene het demone! Kom ons gooi hulle dood met klippe!

14. Wie is ons Vader?

Ons moet werklik versigtig wees vir hierdie ongelowige gedagte van vandag: "ons aanbid almal dieselfde Here!" Is daar nie meer kinders van die Duiwel nie? Het hierdie onderskeid in vandag se tyd nou skielik heeltemal weg geraak? Is Satan nie meer die vader van 'n valse kerk nie? Het hierdie valse kerk wat mense geestelik vermink en doodmaak in die Naam van die Messias nou skielik sommer net weg geraak?

Dit het weggeraak omdat ons mos nou kamstig almal dieselfde Here aanbid. Hoe klink hierdie selfde Here?

“Ek ly vir jou sonde en Ek maak my Vader jou Vader! Hierdie Vader gaan jou nooit aankla nie, hierdie Vader gaan jou nooit veroordeel nie, hierdie Vader gaan jou nooit straf nie, en my kerk gaan jou nooit met wetlike magte teister wanneer jy 'n sonde doen nie.”

Is hierdie Vader van Christus, die Seun van die Vader, nou maar sommer dieselfde vader wat jou aankla, veroordeel en beskuldig en wetlike magte soek om jou vir sondes soos apartheid, en noem nou maar al die ander soorte sondes op, voor te laat boet in die openbare gemeenskap?

“Ons aanbid almal dieselfde vader!”, sê mense. Dit is nie waar nie!

Die vader wat die wet van God gebruik om gelowiges te veroordeel en te teister, is die Duiwel. En hulle wat glo in Jesus Christus – sy Vader is hulle Vader!

Geen oordeel nie! “Het niemand van hulle jou veroordeel nie?” “Nee, Here!” “Ek ook nie, want Ek gaan vir jou as veroordeelde onder Pontius Pilatus ly, stilbly in God se oordeel, sodat Ek vir jou die veroordeelde kan word. Ek gee jou die ewige lewe met God waar God jou nooit vir jou sonde, en niemand anders ook nie, kan dood maak nie.

Jy mag jouself ook nie as veroordeelde vir God dood maak deur jou eie-ek vir God te vervloek, te oordeel en dood te reken nie. Kinders van God leef saam met die Here die ewige lewe, hulle maak hul self nie dood vir God nie.